Hi Mnr. van Zyl

Wel, 'n jaar van skel, probeer en ook plesier is nou verby. Eintlik moet ek sê 3 jaar maar wat ek probeer sê is baie dankie vir alles in hier-die 3 jaar, ek het dit geniet om deel te wees van so 'n snob-koor en ook om so 'n sexy koor dirigent te hê! Ek sal mnr. vir altyd onthou!

Liefde

xxx

NB. Sterkte met die dom nuwe kinders.

Posbus 46
Loerie
6370
1992-11-19

Liewe Mnr. Lion.

Baie dankie het U brief ontvang. Wat vir my baie opvallend was is dat ek nie nodig gehad het om my asma medikasie te gebruik nie. Toe ons by Cradock kom moes ek my weer pomp. Ek het baie van Italië se roomys gehou. Sommige van Italië se gebou is vuil gelaat, dus glo 'n tradisie by die Italianers. Daar is verseeker geen een in Suid-Afrika wat lekkerder pastas het as dié Italianers nie.

Italië is 'n baie Christelike stad. Alles word in beelde uitgebeeld en dit was vir my 'n nuwe ervaring gewees. Ek het boek gekoop en nou verstaan ek ook die stad en land self.

Morne' Strydom.

Die vyf plekke waar ons offisiële optredes gehou het is: Rome, Belonja, Padua, Milano en Venisië. Ek het Venisië die mees aangenaamste stad gevind. Met sy pragtige waterstrate en gondolas is dit 'n merkwaardige toneel, van uit 'n sprokie. Na 'n besoek aan die glasfabriek, St Markus square en die geskenkwin winkeltjies, het ons die dag afgesluit met 'n heerlike pizza en koeldrank. Na 'n besonderse, fantastiese optrede in die aand, het ons elkeen 'n heerlike roomys ontvang. Dit was groot sports toe ~~ons~~ ons as professionele koor lede tekkies by ons koordrag moes dra, maar dit was nou iets, wat ek dink nie een van die koor lede gou sal vergeet nie.

Hiermee wil ek ~~groof~~ my brief afsluit deur nogmals aan: "Mistrou van Zyl" Baie-dankie te sê vir die moeite en ondervindings.

Lerika Raats

Italië toer Sybrand

Die asemrowende kunswerke in veral die St. Peters katedraal, Rome, sal my altyd bybly. Ons koor het ook die voorreg geniet om in 'n paar van die talle beeldskone katedrale met pragtige akoestieke te sing. Die waterweë van Venesië was net so onbeskryflik. Die Italiaanse taal en voedsel was ook baie interessant, maar bra vreemd vir ons ou boere! Al moontlike negatiewe punte wat ek kan noem is die water wat ons nie uit die krane kon drink nie, maar moes koop, en die onwelriekende lug in sekere plekke. In die geheel dink ek hier die toer was absoluut wonderlik. Dit was 'n groot sukses en almal het dit terdeë geniet.